

VLOED VEILIGHEID

- Ken jou gemeenskap se noodplanne, waarskuwing seine, ontruimingsroetes en die ligging van noodskuilings.
- Luister tydens erge storms na jou plaaslike radio of televisie stasies. Bly op hoogte met moontlike vloed waarskuwings en verslae oor vloeding.
- Wees gereed om vinnig te ontruim. Maak al jou belangrike items voor die tyd bymekaar.
- Gaan na hoër grond. As jy buite of in jou huis is en dit begin vloed, moet jy altyd vir hoër grond soek.
- Vermy vloedwater. As jy bestuur en jy kom by 'n pad wat verspoel is, draai om en ry in die teenoorgestelde rigting.
- Wees versigtig in die donkerte. Dit is baie gevaarlik om in die aand te ontruim, aangesien vloed hinderisse moeilik kan wees om te sien.
- Wees bewus van elektrisiteit en diere in die water wanneer jy na 'n vloed opruim.

Belangrik:

- **Memoriseer die Noodnommers op hierdie pamflet.**
- Dit is belangrik om 'n brand veiligheidsplan te hê en om seker te maak dat almal weet hoe om die huis te ontruim indien daar 'n brand is.
- Raak op 'n veilige plek ontslae van warm as en kole.
- Smoor 'n vuur met sand.
- Maak seker dat die bedrading van elektriese toebehore reg is.
- Hou die area rondom jou huis skoon van material wat kan brand, soos hout en vullis.
- Maak seker dat jy sigarette reg doodmaak.
- Moet nooit oop vure alleen los nie.
- Moet nie rommel op 'n warm of winderige dag brand nie.
- Moet nie veldvure maak sonder toestemming van jou plaaslike branddienste nie.
- Moet nie deur rook bestuur nie, want jy kan binne die brand beland.

NOODNOMMERS




10177



112

BRAND EN VLOED BEWUSMAKINGSVELD TOG

BLY IN BEHEER DAN KRY JY NIE SEER



Ons leer vir jou hoe om veilig te bly. Jy moet altyd van jou omgewing bewus wees sodat ons **BETER TESAME** brande kan verhoed en op vloede voorbereid kan wees.



Wes-Kaapse
Regering



BRAND VEILIGHEID

Wat om te doen wanneer daar 'n brand is

- Kom uit die huis uit en bly buite.
- Kruip op jou hande en knieë onder die rook uit.
- Moet nie probeer om foto albums of paspoorte bymekaar te kry nie - kom eerder buite.
- As jy eers buite is, moet nooit probeer om terug in die huis te gaan om 'n troeteldier of enigeiets anders te kry nie.

Wat om te doen as jou klere aan die brand slaan

- STOP! Moet nooit hardloop nie.
- VAL NEER - en bedek dan jou gesig en hande.
- ROL OM - en rond om die vlamme te blus.
- Rol jousef of die persoon wat brand styf in 'n kombes of jas toe.

- As iemand gebrand is, gooi versigtig koue water op die brandwond. Hou die persoon warm as die brandwond oor 'n groot area is, want hulle kan in skok gaan. Kry mediese aandag vir enige tipe brandwond.

Hoe om paraffien veilig te gebruik

- Hou paraffien en vuurhoutjies in areas waar kinders nie kan bykom nie.
- Stoor paraffien in 'n glas bottel - moet nooit melk- of koeldrank bottels gebruik nie.
- Skakel alle toebehore af en blus alle vlamme wanneer jy jou huis verlaat of gaan slaap.
- Gebruik sand om paraffien vure te blus - nie water nie! Hou altyd 'n emmer sand naby.
- As 'n kind paraffien insluk, moet nie vir hulle enigeiets gee om te eet of drink nie. Moet hulle nooit forseer om te braak nie. Neem die kind onmiddellik dokter toe.

NOODNOMMERS



10177



112

Hoe om 'n kers veilig te gebruik



Hervul 'n herwinne glasbottel halfpad vol met sand en druk 'n kers daarin.



As die kers omgeslaan word, sal die sand die vlam doodmaak, soos in die foto hierbo.